Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 MAART 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cloete, C M (ANC)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom raadslede en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan lede van die publiek, die pers en die tolk, mnr J Poni.

Ds M Adams van die Kalvynse Protestante Kerk open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Y S Cox-Bruintjies en J H Cleophas.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1 RAADSLIDVERGOEDING VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (3/1/4)

Die Munisipale Bestuurder noem, dat ten spyte van die mosie ingedien deur Swartland Munispaliteit tydens 'n SALGA-ledevergadering in Oktober 2014 dat die afkondiging aangaande die aanpassing/verhoging van raadslidtoelaes bespoedig moet word, nog geen amptelike kennisgewing tot op datum ontvang is nie.

Intussen is 'n kennisgewing uitgegee t.o.v. die aanpassing van toelaes vir nasionale en provinsiale ampsdraers, naamlik 'n 6% verhoging.

KENNIS GENEEM dat sodra die afkondiging ontvang word, ‘n Spesiale Raadsvergadering in oorleg met die Speaker gereël sal word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 JANUARIE 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Januarie 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 FEBRUARIE 2015

Saamgelees met

NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 FEBRUARIE 2015

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN VERSKEIE VERORDENINGE (1/1)

Daar is verskeie konsep verordeninge op 27 November 2014 aan die Raad voorgelê vir in beginsel-goedkeuring ten einde die publieke deelnameproses te deurloop.

As deel van die publieke deelnameproses is die konsep verordeninge geadverteer op 2 Desember 2014 met die sluitingsdatum vir kommentaar/insette op 30 Januarie 2015.

Die verordening aangaande die Indiening van Bouplanne is aan die Departement van Handel en Nywerheid, as Reguleerder, gestuur vir kommentaar. Die rede hiervoor is dat die Nasionale Bouregulasies bepaal dat Nasionale en Provinsiale departemente bouplanne slegs vir kennisname aan munisipaliteite moet voorlê. Dit is egter die mening dat die Nasionale Bouregulasies inbreek maak op die grondwetlike mandaat van plaaslike owerhede om as uitvoerende gesag die aangeleenthede ingevolge Deel B van Bylae 4 en 5 te administreer.

Die verslag bevat ook inligting aangaande die petisie ontvang vanaf *Peoples Liquors* en TOPS (Spar) om Sondaghandel ingevolge die Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop toe te laat. Die voorstelle van die Swartland Drankforum is ook met die sakelys gesirkuleer.

Die konsep verordeninge is tydens ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 25 Maart 2015 oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring deur die Speaker en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

8.1/...

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat die volgende verordeninge deur die Raad goedgekeur word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
- Verordening insake Luggehalte
- Verordening betreffende die Indiening van Bouplanne
- Verordening insake Oordrag van Munisipale Kapitale Bates
- Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens
- Skutverordening

(b) Dat die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates ook goedgekeur word, met effek vanaf die datum waarop die betrokke verordening gepromulgeer word;

(c) Dat, in verband met die voorgestelde Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop, daar kennis geneem word van die vertoë ontvang vanaf *Peoples Liquors* dat plaaslike drankhandelsure tot Sondae uitgebrei moet word ten opsigte van buiteverbruikspersele;

(d) Dat die Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop aanvaar word soos voorgelê, en dat bogemelde versoek met betrekking tot handelsure op Sondae nie daarin geakkommodeer word nie, vir die volgende redes:
(i) die gewysigde verordening reeds voorsiening maak vir verlengde drankhandelsure op Saterdae, synde verkoopsure tot 20:00 (i.p.v. 17:00) saans;
(ii) daar in hierdie verband ook kennis geneem word van die Swartland Drankforum se ondersoek en eenvormige standpunt namens sy lede, nl. dat Sondaghandel nie toegestaan word nie, vir die redes soos aangetoon in hul voorlegging m.b.t. die verordening, synde (1) vir godsdienstige redes en respek, (2) dat die handelsure op Saterdae genoegsaam is, en (3) dat mense wynplase kan besoek indien hulle wyn op Sondae wil aankoop.
(iii) die moontlikheid voorsien word dat die oopstel van buiteverkoopspunte op Sondae in sommige areas, bv Koringberg, ‘n probleem vir inwoners mag veroorsaak wat in die omgewing van sodanige persele woonagtig is;
(iv) daar kennis geneem word dat die waarnemings van adjudant-offisier D Smit van Hopefield sy persoonlike waarneming (en nie dié van die SAPD nie) reflekteer, wat verskil van die standpunt wat die vier plaaslike aangewese drankoffisiere ingeneem het tydens vergaderings van die Raad se komitee gemoeid met drankaangeleenthede.

8.2 VOORLEGGING VAN VERSKEIE KONSEP VERORDENINGE (1/1)

Die Raad is reeds by verskeie geleenthede bewus gemaak van die proses om verordeninge te hersien. Die bylae wat onderstaande verordeninge bevat is apart tot die sakelys gesirkuleer.

Die konsep verordeninge is tydens ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 25 Maart 2015 oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring deur die Speaker en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die volgende konsep verordeninge soos vervat in die bylae in beginsel goedgekeur word:
(i) Verordening insake Openbare Oorlaste
(ii) Straatkollekteverordening
(iii) Tarieweverordening

(b) Dat die/...

8.2/...

(b) Dat die konsep Verordening insake Eiendomsbelasting, soos vervat in die bylae ook in beginsel goedgekeur word, met dien verstande dat die volgende wysigings aangebring sal word aan die Eiendomsbelastingbeleid (soos vervat in die skedule tot die verordening):

(i) **Paragraaf 6(3):** "Die differensiële tariewe wat tans van toepassing is op geografiese gebiede soos bedoel in paragraaf 4(p) sal egter uitgefasseer word oor 'n maksimum tydperk van 7 jaar (~~van 5 jaar~~) vanaf 1 Julie 2015."

(ii) **Paragraaf 8(6)(e)(iv):** "die eienaar moet 60 jaar of ouer wees ~~in die geval van 'n vrou en 65 jaar of ouer in die geval van 'n man~~."

(c) Dat die konsep Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening soos vervat in die bylae nie in beginsel goedgekeur word nie, maar dat die Raad volstaan met die inhoud van die betrokke Verordening soos gepromulgeer in *Provinsiale Koerant 7825* op 11 Julie 2014, sonder enige wysigings daaraan;

(d) Dat die konsep verordeninge soos vermeld in paragrawe (a) en (b) hierbo vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(e) Dat 'n werkwinkel met alle raadslede gereël sal word om die konsep verordeninge se inhoud deur te werk.

8.3 VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (GELEË TE MALMESBURY) PER OPENBARE VEILING (12/2/B)

Die Raad het op 27 November 2014 in beginsel-goedkeuring verleen vir die vervreemding van die volgende eiendomme by wyse van 'n openbare veiling, naamlik:

- een-en-twintig erwe in Dalsig (nie beperk tot eerste huiskopers nie)
- drie-en-twintig erwe in Uitbreiding 12, Newclaire, Malmesbury-Wes
- drie erwe in Tafelzicht
- Gedeelte A (erf 11285), Gedeelte B (erf 11286) en die restant van erf 375, Malmesbury in Piet Retief- en Amandelrugstrate.

Die veiling t.o.v. die eiendomme in Piet Retief- en Amandelrugstrate het op 27 Februarie 2015 plaasgevind, en die veiling t.o.v. al die ander eiendomme op 21 Maart 2015.

Die Raad het 'n mandaat aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gegee om die aanbieding binne 21 dae vanaf die veilingsdatum te evalueer en vir aanvaarding te oorweeg.

Die aanbiedinge ontvang t.o.v. die veiling op 27 Februarie 2015 is op 11 Maart 2015 deur die Uitvoerende Burgemeester oorweeg.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat daar kennis geneem word van die uitkoms van die veiling wat op 27 Februarie 2015 plaasgevind het, en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee daarna goedkeuring verleen het dat die aanbiedinge vir die drie eiendomme, soos uiteengesit in die verslag, aanvaar en die betrokke transaksies volvoer word;

(b) Dat kennis geneem word dat die woning in Piet Retiefstraat 24, Malmesbury vir minder as die reserweprys verkoop het, en dat die Raad kondonasie verleen vir die aanvaarding van die verkoopprys deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten bedrae van R620 000,00 (BTW uitgesluit), vir die volgende redes:

- Die huis, sedert dit gewaardeer is, aansienlik agteruit gegaan het, en tans nie in 'n leefbare toestand is nie;
- Dit onwaarskynlik is dat die Raad, indien die verkope nie realiseer nie, 'n gewillige huurder sou vind, vanweë die feit dat die woning onleefbaar is en teen hoë koste opgradeer sal moet word;
- Die verkoopprys geag word billike markwaarde te reflekteer, as synde die bedrag wat 'n gewillige koper bereid sou wees om vir die eiendom in sy huidige toestand te betaal en wat vir die Raad as gewillige verkoper aanvaarbaar sou wees.

8.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING OF VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN GEDEELTE 32 VAN PLAAS 560, YZERFONTEIN (12/2/B)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Munisipaliteit onlangs genader is deur die maatskappy, *Umfiki Investment Corporation (Pty) Ltd*, oor die moontlikheid om 'n gedeelte van Gedeelte 32 (groot, ±2,7 ha) van die Plaas 560 Yzerfontein te bekom ten einde 'n hoë intensiteit modulêre datasentrum (*Modular Data Centre*) te vestig.

Die gedeelte grond word as baie gesog beskou, weens die ligging daarvan met betrekking tot die WACS-kabel infrastruktuur wat in die onlangse verlede oorkant die R315, Yzerfontein gevestig is.

Die grond ter sake word tans gedeeltelik as 'n stortingsterrein gebruik, maar is daar reeds – omdat die terrein bykans aan die einde van sy leeftyd is – 'n sluitingslisensie daarvoor bekom. Slegs 'n gedeelte van die terrein sal na sluiting van die stortingsterrein voortgaan om as oorlaaistasie gebruik te word.

'n Publieke mededingende proses sal deurloop word om te verseker dat die Munisipaliteit maksimum voordeel uit die verkoop of verhuring van die grond bekom.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir hetsy die vervreemding of verhuring van 'n gedeelte, groot ± 2.7 hektaar (soos aangetoon op Aanhangsel A tot die verslag), van Gedeelte 32 van Plaas 560 Yzerfontein, welke ontwikkelingsvoorstelle komplementerend tot die bestaande WACS-kabel infrastruktuurkorridor in die omgewing moet wees;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om kundige advies te bekom rakende die mees aangewese roete om te volg, synde hetsy die vervreemding of langtermyn verhuring van die eiendom, asook 'n toepaslike billike markverwante verkoopprys of huurgeld, vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

(c) Dat die vervreemding of verhuring van die eiendom daaraan onderhewig sal wees dat:
  (i) 'n suksesvolle onderverdelings- en vergunningsgebruiksproses ten opsigte van die eiendom, wat tans vir owerheidsdoeleindes gesoneer is, deur die munisipaliteit deurloop word;
  (ii) daar met die hulp van Jan Palm Raadgewende Ingenieurs uitvoering gegee word aan die vereistes van die 'Waste Management License' wat tans geld ten aansien van die bestaande vullisterrein, en uitsluitsel bekom word rakende enige toekomstige omgewingsimpakte afkomstig van die voorgestelde grondgebruik;
  (iii) die inwoners van Yzerfontein ten minste ses maande vooraf skriftelik kennis gegee sal word van die voorgenome sluiting van die vullisterrein;

(d) Dat kennis geneem word dat die gedeelte van die eiendom wat vervreem (of verhuur) staan te word, nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(e) Dat volmag verleen word
  (i) <u>aan die Munisipale Bestuurder</u>
    - om te besluit of die mededingende bodproses 'n een- of twee-fase bodproses sal behels;
    - om, indien die twee-fase bodproses gevolg word, 'n komitee aan te wys om die ontwikkelingsvoorstelle in die eerste fase te oorweeg;

  (ii) aan die/...

8.4/...

(ii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die hoogste monetêre aanbod te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;

(iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die tenderkriteria en voorwaardes van verkoop/verhuur te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur te Malmesbury;

(f) Dat die voorgenome vervreemding/verhuring van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word vir beswaar/kommentaar.

GETEKEN:
SPEAKER